**Skriflesing:** Matteus 4:12-23
**Tema:** Lig is nie bang vir donker nie.

**Jesus is lig vir alle mense in 'n donker wêreld.**

Jesus begin sy bediening in "Galilea waar die heidene woon." Tradisioneel was Galilea 'n nie-Joodse gebied met 'n paar Jode wat ook daar gewoon het. Die Jode het neergekyk op dié heidense Galilea. Met sy bediening wat hier in Galilea begin, bevestig die Here dat Hy nie net vir Jode kom nie, Hy kom vir alle mense.

In die tyd van Matteus was Galilea ook strategies goed geleë vir die verspreiding van die evangelie. Jesus gaan bly in dorp Kapernaum by die see, in die gebied van Sebulon en Naftali Vandaar die aanhaling uit Jes 8 in Matt 4:15-16:
15"Jy, gebied van Sebulon en gebied
van Naftali, aan die seekant
en oorkant die Jordaan,
Galilea waar die heidene woon!
16Die volk wat in duisternis woon,
het 'n groot lig gesien;
hulle wat in die skemerland
van die dood lewe,
vir hulle het die lig opgegaan."

**Jesus se boodskap in sy eerse preek is baie duidelik:**
"Bekeer julle, want die koninkryk van die hemel het naby gekom."

Neem 'n daadwerklike besluit, soos die verlore seun in Lukas 15. Kom tot inkeer, 'n afkeer weg van sonde, 'n omkeer en terugkeer na die Here by Wie die enigste hoop en redding vir my en jou is.
En bekering gebeur nie net een maal nie. Ons onderskei tussen die eerste oorgawe aan die Here, 'n eenmalig bekering en 'n daaglikse bekering of oorgawe. Om onsself met verloop van tyd al meer oor te gee aan die Here.

Jesus se bediening gryp die mense se belangstelling aan. Hulle kom letterlik van heinde en verre om dié wat in nood is na Hom te bring.

Jesus kan nie die boodskap alleen uitdra nie. Daarom roep Hy sy eerste vier dissipels: "Kom hier! Kom saam met My, en Ek sal julle vissers van mense maak" (Matt 4:18).

**Jesus roep gewone mense om sy ligdraers te wees**
Vissermanne was die kleintjies, die geringes van hul tyd.
Hy roep gewone mense soos ons, wat ook soms twyfel. Hy roep ons wat worstel teen die duisternis en Hy werk sy lig in ons. Here roep en bemagtig ons omSy agente van verandering te wees.

Ons lees in Matteus 4:20 en 22 dat vissermanne ***dadelik*** hul mense en dit waarmee hulle besig was, gelos en Jesus gevolg het.

Ek en jy word nou weer opgeroep tot bekering. En bekeerde mense dra die goeie nuus van Jesus Christus uit.

Dit verskaf hemelse vreugde, maar daar is niks romanties aan hierdie roeping nie.

Die gehoorsaamheid van die dissipels was nie sonder risiko nie, Hulle moes hul werk, waarmee hulle 'n inkomste verdien het, los. Hulle moes ook afstand doen van huis en haard en van hul geliefdes. In Matteus 19:27 sê Petrus vir Jesus: "Kyk, ons het alles verlaat en U gevolg.
En die einde van die volgelinge, waarvan ons hier lees, se gehoorsaamheid was die dood.
Johannes die Doper is deur koning Herodus in die tronk gegooi en onthoof.
Simon Petrus is na bewering onderstebo gekruisig omdat hy homself as onwaardig beskou het om soos Jesus te sterf.
Andreas is na bewering gekruisig.
Jakobus is die enigste dissipel wie se dood in die Bybel aangeteken is. (Handelinge 12:2). Koning Herodes het Jakobus "met die swaard laat doodmaak"
Johannes is die enigste van hierdie oorspronklike dissipels wat 'n natuurlik dood gesterf het.

Die Here roep elkeen van ons om ligdraers te wees en dit is 'n voorreg om Hom uit dankbaarheid te dien. Maar dit gaan nie altyd maanskyn en rose wees nie. Ons getuienis gaan nie altyd vrug nie. Hoor wat sê Jesus van Kapernaum, waar Hy sy bediening begin het, in Matteus 11:23: "En jy, Kapernaum, dink jy 'jy sal tot die hemel toe verhoog word? Nee, jy sal tot in die doderyk afdaal.' As in Sodom die wonderdade plaasgevind het wat in jou plaasgevind het, sou hy tot vandag toe nog bly staan het."

Om God se wil te soek en dit te doen vra dat ons vir die lig standpunt sal inneem en sal veg teen die duisternis. Dit is 'n opoffering wat tot vervolging en swaarkry lei.

Ligdraer wees vra alles van my, my gawes, geleenthede, tyd, grond en my geld. Dit vra my hart, hande, voete en gedagtes.

Gelukkig vra die Here nie net nie, Hy gee ook. Hy seën ons om ander tot seën kan wees.
Hy bemagtig ons om, soos Hy:

- die evangelie altyd en orals te **verkondig** - tydig en ontydig
- **te leer** – ons moet bereid sal wees om uit die Woord geleer te word en mekaar en ander mense te leer. Daarom het ons kategese, selgroepe en Bybelstudiegroepe.
- **genees –** ons moet bereid wees om siekes gesond te maak. Julle wat in die mediese wêreld werk, dit is 'n roeping van die Here. Ons moet bid dat die Here siekes sal gesond maak.

Die Griekse woord wat hier vir gesondmaak gebruik, kan ook vertaal word met dien, omgee of versorg. Ons moet iets te doen aan die duister van armoede, geweld en verslawing. Ons moet die gemarginaliseerdes menswaardig behandel.

Jesus roep elkeen van ons op tot bekering en om dan sy lig te laat skyn in 'n donker wêreld.

Soos wat beurtkrag vir ons onaanvaarbaar is, so kan ons ook nie beurtkrag Christene wees nie. Of ons is lig of ons is donker, ons kan nie lig wees wanneer dit ons pas en duister wees wanneer dit ons pas nie.

Wat kies jy - lig of donker?

Amen